

W e g r a a p

Die wegraap (1 Thes.4:16, 17)

Let op Paulus se dubbelsinnige preke wat baie van die Yashar'EL verwar. Ons lees in 1 Thess. 4:16,17: *Want die ~~Here~~ Meester self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel boodskapper en met geklank van die basuin van God VADER; en die wat in Christus die Nasaréner gesterf het, sal eerste opstaan. :17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die ~~Here~~ Meester tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die ~~Here~~ Meester wees.* Let op dat daar 'n 'wegvoering' na die Meester gaan wees en nooit weer 'n terugkeer na die aarde nie! As ons kyk na die "eerste opstaan" woorde dan kom die verwarring sterker deur, want die opstanding van die regverdige is in die 1000 jaar van vrede!

Open. 20:5,6 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. :6 Salig Gered en heilig rein is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God VADER en van Christus dié Nasaréner wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Kom ons doen so 'n bietjie skrif studie oor die saak:

Jes. 24:1 Kyk, ~~die HERE~~ YAHUAH maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.:2 Dieselfde lot tref die volk en die priester, die slaaf en sy heer, die slavin en haar meesteres, die koper en die verkoper, die uitlener en die lener, die skuldeiser en die skuldenaar. :3 Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want ~~die HERE~~ YAHUAH het hierdie woord gespreek.:4 Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag.:5 Want die aarde is ~~ontheilig~~ ontreinig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. :6 Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor. :7 Die mos (geliefdes) treur, die wingerdstok (uitverkorenes) verwelk, almal wat bly van hart is, sug(Let op dat die strafgerig sal plaasvind terwyl die regverdige daarin is. Hulle word nie weggeruk of weggeraap na die wolke toe nie! Die wat tussen hulle is word uitgedelg).

In Jes. 4:2,3 staan: In dié dag sal die Spruit (YAH) van ~~die HERE~~ VADER wees tot sieraad en ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrugeraaktes van ~~Israel~~ Yashar'EL. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig rein / afgesonderdes genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem—

Let op in die gelese vers dat daar vrygeraaktes is, dus was hulle tussen die wat weggeraap moes word! Die uitverkore het dus oorgebly of agter gebly! Dus sal daar 'n oorblyfsel wees wat op die aarde sal wees en wag op hulle Koning en nie na Hom gaan in die 'wolke' nie.

Sef. 1:2 Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aardbodem af weg, spreek die ~~HERE~~ YAH.:3 Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en die struikelblokke saam met die ~~goddelose~~ bose, ja, Ek sal die mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die ~~HERE~~ YAH.:4 En Ek sal My hand uitstrek teen Juda en teen al die inwoners van Jerusalem; Ek sal ook uit hierdie plek uitroei wat van Baäl oorgebly het, die naam van die afgodsdienaars saam met die priesters; :5 en die wat op die dakke die leër van die hemel aanbid; en die aanbidders wat by die ~~HERE~~ YAH sweer en sweer by Milkom. :6 Ook die wat van die ~~HERE~~ YAH afvallig word en wat die ~~HERE~~ YAH nie soek en Hom nie raadpleeg nie. :7 Swyg voor die ~~Here~~ ~~HERE~~ VADER! Want die dag van die ~~HERE~~ YAH is naby; want die ~~HERE~~ YAH het 'n offer berei, Sy gaste geheilig afgesonder / gereinig (Duidelik lees ons dat die 'struikelblokke', bose, Baäl aanbidders en afgodsdienaars saam met hul priesters uitgeroei gaan word)

Matt. 13:29 Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.:30 Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur (Die oestyd lê voor m.a.w. net voor die 1000 jaar van vrede, dan gaan die oortreder bymekaargemaak word).

Matt. 13:47 Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring; :48 en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg. :49 So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die ~~engele~~ boodskappers sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei :50 en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande (Let op dat die slegtes onder die regverdiges afgeskei sal word en dat hulle die wegwerp na die vuur sal ontvang).

Mark. 13:24-27 Maar in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie.:25 en die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word.

Mark. :26 En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid lofwaardigheid.:27 En dan sal Hy Sy engele boodskappers uitstuur, en Hy sal Sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel (Let op dat die uitverkore nie na die wolke op gaan nie, maar eerder versamel op aarde).

Ons lees in *Joh. 14:18: Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe* (Let wel “Ek kom na julle en nie julle na My toe nie).

1Jo 2:28 En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by Sy wederkoms nie.

Die bose en duisternis sal die een wees wat weggeraap gaan word tussen YAHUSHA se skape en hulle sal definitief nie opgaan Hemel toe nie, maar weggewerp word na die buitenste duisternis “Hel”!! Matt.22:13; Matt.25:30.

YAHUSHA se skape sal agterbly om Hom te dien, sodat Hy oor hulle kan heers op die aarde. *1Pet. 3:15 Maar ~~heilig die Here God~~ sonder af die Meester en VADER in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle reenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees; :16 met behoud van 'n goeie gewete, sodat in die saak waarin hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle beskaam mag word wat julle goeie lewenswandel in Christus dié Nasaréner belaster. :17 Want dit is beter, as die wil van God VADER dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen as wanneer julle kwaad doen.*

Wees dus versigtig dat julle nie meegesleep word in dwaal leringe van die sodanige geleerdes nie. Bly in die vastigheid en versekering in Hom wat op pad is. Ons mag nie oordeel teen die Woord nie, daarom vermaan ek julle, neem toe in guns en kennis van YAHUSHA dié Gesalfde. Hy wat opgevaar het gaan terug kom as: “YAHUAH dié Gesalfde”.

Ns.: ~~Christus~~ moet wees: Nasaréner
~~J*sus~~ moet wees: YAHUSHA
 Israëliet moet wees: Yashar'EL
 Here moet wees: Meester
 God moet wees: VADER of Skepper

Bedink dit